

Vrydag 24 Maart

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 14:36-38; Romeine 10:5-16

Die derde Geestesgawe: Leraars

Die profesie in die mond van leraars is om die Skrif reg te verstaan en die besondere gawe om dit te kan uitleê of aan God se kind te verklaar.

Die profesie as die Woord wat aan die gemeente van Jesus Christus verkondig word, verskil van die profesie in die Ou Testament. Die profete het saam met die apostels gewerk om die fundamente van die Nuwe-Testamentiese kerk te lê as 'n gawe van die Heilige Gees. Die verkondiging van die leraars is nie 'n onfeilbare verkondiging van God se wil nie. Dit is nie die-selfde saak as om God se openbaring net so aan die volk mee te deel nie. Die geroepe leraars word onderrig om God se openbaring op Skrif te verstaan en uit te lê sodat dit aan sy kinders onderrig kan word. Die Nuwe-Testamentiese gemeente word opgeroep om die profesie of die verkondigde Woord te toets (1 Kor. 14:36-38; 1 Tess. 5:21). Dit moet gedoen word deur 'n ander gawe van die Heilige Gees te gebruik. Dit is die gawe van die onderskeiding van geeste (1 Kor. 12:10; 14:29). Daardie gawe om te kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is, vind plaas deur wat gesê word, te meet aan die genade wat aan ons gegee is. Daardie genade is die inhoud van ons geloof, die Christelike leer (Rom. 12:6). Alle profesie wat nie volgens daardie leer is nie, is valse profesie. Profesie is ook die gawe om te verstaan en in woorde te sê wat die Here in 'n sekere situasie van jou vra (Hand. 11:28; 1 Tess. 5:20). Gewapen met die Woord werp die leraar profeties die lig oor 'n sekere gebeurtenis in 'n mens se lewe, rigtinggewend en vertroostend. Dit gebeur wanneer die leraar die verliggende werk van die Heilige Gees ontvang om te kan verstaan en dit op die lewe van elke dag te kan toepas. Dis 'n gawe waarvoor die leraar voort-durend moet bid en deur die grondige bestudering van die Woord uit genade ontvang. Die Heilige Gees is immers die eintlike Onderwyser in die waarheid. Die maatstaf om daardie waarheid te meet, is ook deur die Heilige Gees gegee in die belydenisskrifte wat 'n opsomming is van die waarheid wat jy in die hele Skrif ontvang. Daarmee is die Heilige Gees jou Leermeester om jou in die hele waarheid op jou hele lewenspad te lei.

Sing: Psalm 25:2 (1936)

Ds. SD (Vasie) de Kock (Potchefstroom-Suid)